



### **Kortverhaal**

*Jean Lombard* Homecomings 249

### **Gedigte**

*E.F. Schaefer* Brood 257

*E.W.S. Hammond* Siekbed 259

*Cornelius van der Merwe* Droogloop 259

### **Verhaal**

*Coenraad Walters* Die strewe na zero defek 261

### **Reeks**

*Coenraad Walters* Reeks: gemengde media op papier 265

Die rubriek *Litera* word finansiëel gesteun deur /  
The section *Litera* is financially supported by



STICHTING VIR DIE SKEPPENDE KUNSTE  
FOUNDATION FOR THE CREATIVE ARTS

## Rubriek vir skeppende werk

Met die afdeling *Litera* tree ons toe tot die mark vir skeppende werk in al die tale waar daar normaalweg in *Literator* geskryf word.

Dit is die wens van die Redaksie dat die gedigte en kortverhale wat hierby verskyn, baie gedigte, kortverhale en prosa- en dramafragmente in ander inheemse tale sal roep, sodat hierdie blad één geïntegreerde beeld van die korter skryfwerk van jong Suid-Afrikaanse skrywers kan bied.

Dit is met vreugde dat ons die uitnodiging aan veral digters en kortverhaalskrywers rig om skeppende werk voor te lê vir plasing in hierdie rubriek, met die voorbehoud dat ons nie oor die mannekrag beskik om daarvoor te korrespondeer nie. Bydraes in **viervoud** moet in dubbelspasiëring getik wees, met die naam en adres van die insender regs bo aan die eerste blad van gekramde tekste en op elke losbladvel wat gestuur word.

Stuur alle bydraes aan die Hoofredakteur, *Literator* (629), Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.

## Section for creative writing

In introducing the section *Litera* we are entering the market for creative work in all the languages that *Literator* normally caters for. It is the wish of the Editorial Board that the poems and short stories printed in this issue will only be the precursor of many poems, short stories, prose and drama fragments in all the indigenous languages, so that the journal will be able to present one integrated image of the short pieces of writing which young South Africans can offer.

It is with great joy that we extend this invitation to especially poets and short fiction writers to submit creative work with a view to publishing them in this section. The only reservation is that we do not have the manpower to enter into correspondence about the works submitted. **Four copies** of contributions have to be submitted. The submissions have to be typed in double spacing, with the name and address of the author at the top right of the first page of stapled text, and on every loose sheet sent in.

Send all contributions to the Editor-in-Chief, *Literator*, (629), Bureau for Scholarly Journals, Private Bag X6001, Potchefstroom 2520.

Jean Lombard

## Homecomings

deur Jean Lombard-Anthonissen  
vir Christo Lombard  
17 Feb. 1995

*"Home is those people and places which nourish our identity and vocation."*

– Robert Raines, *Living the Questions*. Bron: Alice & Walden Howard: *Exploring the Road Less Travelled* (1985), gebaseer op *The Road Less Travelled* deur Scott Peck.

Met dank aan:

(a) J. van Melle:

*"Breed is die groot teenspoed om hulle, en daarbinne, asof opgesluit, benoud en alleen, hulle twee. So dig bymekaar is hulle nou. Langsaam begin hy vra en vertel."*

– uit *"Die tuiskoms"*, *Oom Daan en die dood* (1938).

(b) Hennie Aucamp:

*"Altyd weer dieselfde droom: Dis nag en winter op die Stormberge; en ek is oud en verlate, en kom te voet op Rust-mijn-ziel aan. Ek gaan sit by Ma en streel haar hande soos ek nooit gedoen het toe sy nog gelewe het nie."*

– uit *"Tuiskoms"*, *Kommerkrale* (1989).

## Tuiskoms 1

Sy droom die plek is Stellenbosch en sy stap met haar studentevriendinne na een of ander restaurant. Saam met hulle is haar kleinniggie uit haar skooldae.

Hulle was familie en het dieselfde van gehad, maar die niggie was anders. Sy was lank en donker, en het middelsenter vir die eerste netbalspan gespeel. Sy kon dus skoolbus ry saam met die eerste rugbyspan. Sy het drie ouer broers gehad. Op 'n keer was hulle 'n groep seuns en meisies by die kleinniggie se huis. Daar is grappies vertel. Van 'n meisie wat koekies aanbied vir 'n oom wat vir haar sê: Daar is 'n haartjie op jou koekie. Sy antwoord: Nee oom, ek het al vyf. Die middag is almal afgepaar na verskillende kamers in die huis om te vry. Met haar en wie ook al die partner was, wou dit nie vlot nie.

Op pad na die restaurant stap sy en haar vriendinne en die kleinniggie by 'n lang donker man verby wat 'n politieke toespraak op 'n plein hou. Die oop ruimte is naby 'n mensgemaakte heuwel soos op die Potchefstroom-kampus. Hy sit onder 'n paal met 'n ongeïdentifiseerde, wit vlag wat bo hom wapper. Daar is heelwat studente wat na hom luister.

By die restaurant eet hulle 'n groot verskeidenheid brode, met spesifieke vulsels wat by spesifieke brode pas. Almal sit by een lang tafel en drink wyn. Sy is ongemaklik, want sy weet nie presies watter vulsel by watter brood geëet moet word nie. Haar twee seuntjies is toe ook by, en speel ewe gelukkig met maatjies.

Die man wat die politieke toespraak gehou het, daag op en kom sit tussen die vroue. Hy is wêreldwys en weet presies hoe om die kos te hanteer. Haar vriendinne luister na hom en lag oor die baie verhale wat hy vertel. Sy was 'n lang tyd nie naby hom nie, en het gewonder hoe dit sou wees om hom weer te sien. Toe almal weg is, staan sy en hy buite die restaurant. Hy sit hoog op 'n swart dikwielfiets, terwyl sy hartstogtelik voor hom staan en huil. Hy ry vinnig weg sonder om met haar te praat.<sup>1</sup>

---

<sup>1</sup> Later, op 'n droewige Vrydagaand toe sý motor stukkend en haar man weer weg was, het hulle wel gepraat. Soos dikwels vroeër, by haar aan huis. Aan die einde van die aand het hy verkies om met sý trane die nag in huis toe te stap.

Daar was die grys dag in Utrecht, na meer as sewe jaar in die huwelik, toe sy buite die kafee gestaan het langs 'n blonde jonger op sy fiets. Hulle het saam studeer. Hy was verleë en het gesê hy weet nie eintlik wat om te sê nie. Sy het geantwoord: Dat geeft niet, er is reeds te veel gezegd. Hy het haar twee Hollandse soentjies gegee, een op elke wang. Toe het hy weggery, en kort daarna is sy terug Suid-Afrika toe.

Sewe jaar later het sy die Hollander weer gesien, in New York waar hy klasgee; saam met haar man in die Hungarian Coffee Shop. Dit was 'n namiddag onder vriespunt. Sy het opgemerk dat sy gesig strak lyne het. Die aanvanklike uitsoek van wat elkeen sou eet, was ongemaklik, maar daarna het hulle wyslik gespekuleer oor Afrika, Europa en Amerika. Toe hulle afskeid neem by die metro, was sy wange ys-, yskoud onder haar lippe. Hy het gesê: Wij houden contact. Dié nag het sy en haar man mekaar opnuut liefgehad. Onlangs, toe hy 'n aand in New York deurgebring het op pad na 'n kongres in Washington, het sy hom gevra om die Hollander te bel. Dié het toe belowe om weer 'n keertjie te skryf.

Terwyl sy in haar droom in die straat staan en huil, besef sy skielik dat sy van haar kinders vergeet het. As sy teruggaan in die restaurant, is daar niemand meer nie. Net lê wit tafeldoeke wat fladder. Sy neem aan dat haar beste vriendin die kinders saam met haar geneem het.

Sy stap deur die strate terug huis toe en huil, veral oor haar kinders. Die strate word dié van Calvinia waar sy grootgeword het. Sy loop en bid: Mamma, my mamma. Sy stap van onder uit Stiglingstraat, waar hul eerste huis was, al met Kerkstraat langs, die lang hoofstraat, om by hul latere huis in Malanstraat uit te kom. By Stasieweg is daar een of ander bouery aan die gang, wat haar verhinder om verder dié roete te volg. Sy moet deur 'n halfgeboude huis stap, met trappe op en af, oor lang lere. Soos sy loop en huil, gaan die bouers gewoon aan met hul werk en kyk die wit vrou aan. Sy loop 'n lang ompad, in Jaagvlakte op, verby die meisieskoshuis waar sy vir die meisies waai, tot in Malanstraat.

Dit was in dié straat dat haar eerste liefde op 'n Sondagoggend vinnig agter haar aan geloop het. Sy het probeer om die huis te haal voordat hy haar kon inhaal, maar hy het haar ingehaal. Van dié liefde met die eerstespanheelagter kon nie veel kom nie, want hy was matriek en sy was dertien, en haar pa was kwaai en sy kon nie goed netbal speel nie. Die

vorige aand was hy saam met 'n ander meisie by die bioskoop en sy het die nag oor hom gehuil. Toe hy by haar kom, het sy haar gesig van hom weggedraai. Hy het haar aan die arm geneem, haar skrams gesoen en gesê: Kom nou, meisiekind. Die volgende dag het hy die dorp verlaat.

Sy het hom daarna ook weer een keer gesien. Hy het aan die Universiteit van Kaapstad studeer en sy het 'n rugbywedstryd saam met haar ouers op Nuweland bygewoon. Na afloop van die wedstryd was haar pa reeds besig om uit die parkeerplek in die verkeer in te draai, toe sy hom deur die agterruit aangestap sien kom. Sy het hard teen die ruit geslaan en hy het vir haar met die program in sy hand gewaai. Die program was opgerol, en soos hulle weggery het, het hy dit teen sy bobeen loop en slaan, soos hy altyd met die liniaal in die rye in die stoepgange op skool gedoen het.

Laatmiddag haal sy die huis, en dit is die huis in die stad waar sy nou woon. Haar man sit en wag op die dubbelbed in die gastekamer met sy arms om hul twee seuntjies. Al drie kyk stip na haar, met groot, helder oë.

Sy kry die gevoel van 'n dol Windhoek-dag. 'n Oggend van kollegas, studente en oproepe, met middagete in die stad saam met vroue-vriendinne of verslaggewers. Baie woorde en wyn. Dan nog 'n paar warm ure op kantoor om dringende sake af te handel. Sy kom tuis as die vrou wat na haar kinders omsien na haar huis in Katutura vertrek. Sy maak tee, gaan na die slaapkamer om 'n tyd lank in die stoel te sit en staar: God is in die detail.

Sy het tuisgekóm.

## Tuiskoms 2

Vanaf Julie tot Oktober 1994 is haar man met studieverlof in Utrecht, Nederland. Hy woon in dié tyd op 'n solderkamer op die Willemsplantsoen waar sy in 1982 gewoon het. Dit was die laaste jaar van 'n tweejaarstudietyd in Europa. Die eerste ses maande was hulle saam

in Nederland. Daarna moes hulle besluit om óf terug te keer huis toe, óf hy gaan na Switserland en sy bly in Nederland. Hulle was reeds sewe jaar getroud. Hulle het besluit om hul onderskeie studieprojekte af te handel en mekaar al om die drie maande te besoek.

Tydens die onlangse studietyd skryf hy in een van sy laaste briewe, nadat hy 'n tweede of derde versie van haar tuiskoms-verhaal gelees het:

*'n Ander ding waaroor ek egter nou nie te veel wil sê nie, want dit is 'n uiters komplekse (en interessante!) saak, is die storie wat steeds meer stertjies en eindes kry. Elke einde gooi weer 'n hele nuwe straal terug op die verhaal, selfs op die rol van die karakters daarin. Miskien kan ek my bedenking die beste saamvat deur te sê: ja, daar sit ek maar grootoog by en wag die eintlike einde, en die finale tuiskoms, geduldig af. As ek dit sê, moet jy asb. nie aflei dat ek my bedenkinge teen jou skrywery as sodanig het nie. Wat ek wil sê, is dat ek dink hierdie proses van tans is deurslaggewend vir alles wat voorlê, en dat die manier waarop jy jouself vir hierdie storie uitsorteer jou skryfwerk beslissend gaan bepaal. Alhoewel ek dus saam met jou dankbaar is vir al die nuwe impulse (nou ook weer uit die 'ware lewe'), is my gevoel dat jy die sleutel tot die verwerking van alles eers in jouself (en in ons verhouding) moet vind, en nie via 'interessante eindes' nie. Op 'n minder ernstige noot: miskien kan ek bydra tot 'n soort 'oplossing' vir jou verhaal, dat hy dan nou tog 'n bevredigende einde kry en klaar kry, sodat die volgende verhaal vertel kan word (anders skryf jy jou lewe lank net die een verhaal – oneindig): sal ek nie met al my bagasie op 'n fiets aankom op Sondag 16 Oktober nie? Dan het ons nog 'n verrassende tuiskoms, ons het die fiets, en ons het 'n happy ending. As jy dit goed vind, kan ek sommer 'n klein toespraakie ook afsteek oor die toestand in die wêreld, soos waargeneem vanuit die solderkamer in Utrecht ...*

Maar sy het geweet só sal dit tog nooit kan wees nie en sy het begin neerskryf oor hoe sy haar sy tuiskoms voorstel.

Hy sou met die vliegtuig op die Sondagmiddag in Windhoek aankom, mét sy gebruikelike 60 of 70 kg bagasie. Terwyl hy weg was, was daar dae en veral nagte dat sy wesenlik gevrees het dat hy nie na haar sou terugkeer nie. Sy weet hy het haar lief, maar juis daarom sou hy op 'n oggend kon opstaan, na die Domtoring vanuit sy soldervenster kyk en vir homself en vir God sê: Nee, na daardie vrou toe kan ek nie teruggaan nie. Of God self sou kon sê: Jean Lombard-Anthonissen, jy het jou kans gehad. Christo kom na My toe. Dis maklik – 'n vliegtuigongeluk iewers oor Afrika.

Maar hy hét teruggekom. Sy en Gideon en James sou hom by die lughawe inwag. Vroeër, tydens tye van politieke betrokkenheid en babas kry en nog meer reise, het sy hom meestal met die bus laat inry stad toe en by die terminus afgehaal. Hulle was tog só onafhanklik, selfstandig en vry van mekaar binne dié huwelik.

Sy sou hom dophou soos hy langs die aanloopbaan aangestap kom, die lughawegebou binnekom en in die ry by paspoortkontrole wag. Sy was bang vir die weersiens. Maar toe hy uiteindelik met sy vol bagasiewaentjie tevoorskyn kom, het sy hom vasgehou en gesoen en skaamteloos geween voor die kleine oudiënsie van Windhoek International Airport.

Op so 'n soort tuiskoms het sy dus gehoop. Maar dit het anders verloop.

Die Donderdagaand voor hy die Sondag sou terugkeer, was nie 'n goeie aand nie: eensaamheid, met te veel liefde, te veel verlange en te veel wyn. Die Vrydag was sy oneindig moeg; sy het die naweek nodig gehad om haar gereed te kry vir sy tuiskoms die Sondagoggend.

Die vrou wat by haar werk, was die hele week lank siek. Toe sy die Vrydagmiddag die kinders by die skool gaan haal, was daar een of ander vertraging, sodat hulle later as gewoonlik by die huis gekom het. Sy het op die kinders begin skree, want daar was net 'n halfuur om te eet en om hulle by 'n vriendin afgelaai te kry voordat sy 'n afspraak moes nakom. Hulle het begin huil. (Die oggend kon hulle nog vir haar lag toe sy op die skool se grondpad 'n ander bestuurder toegevoeg het: Ai fok tog, ry tog soontoe.)



Tussen die lawaai deur besef sy dat sy geruime tyd iewers 'n fietsklokkie hoor lui. Al skellende oor waarom maatjies nie die voordeurklokkie kan gebruik nie, maak sy die deur oop. Voor haar staan haar man met sy fiets langs hom en koffers agterop. Iewers was daar ook nog 'n bos blomme. Sy kyk hom aan of sy hom die heel eerste keer sien, soos dit was die dag toe hy by die eerstejaarkoshuis op Stellenbosch opgedaag het om kennis te maak met die suster van sy beste vriend. Dit was asof die ganse twintig jaar van hul lewe saam in dié paar oomblikke in haar hart saamgepers word. Sy het gevra: Hoe kan jy dit aan my doen? Sy het vorentoe gesak en gehuil met haar voorkop teen sy harde borsbeen. Toe sy badkamer toe gaan om haar gesig te was, het hy die verslae kinders gegroet.

Die res van die middag was hulle toegelaat om kinderprogramme op die televisie te kyk. Sy het haar afspraak gekanselleer. Sy en haar man het kamer toe gegaan en op die bed gaan lê. Moeisaam begin hulle vra en vertel.



*E.F. Schaefer*

## **Brood**

'n Kind word gebore  
in Somalië  
Sarajevo  
Soweto.  
Die son kom op  
gaan onder.  
Die dag gaan ongesiens verby.  
'n Moeder soog haar kind.

'n Kind vra brood  
in Kenia  
Kaboel  
in Kwa-Mashu.  
Die weer kom op  
die wolke trek verby  
vanjaar is daar geen brood.  
Van honger snik 'n kind.

'n Kind soek skuiling  
in Barcelona  
Beijing  
in Boipatong  
teen die koue teen die wind.  
Sneeu val deur die dakke  
warrel deur die skeure  
smelt in modderpoele  
van ghetto's  
barrios  
van 'n plakkerskamp.  
'n Kind huil in die wind.

Van honger sterf 'n kind  
in Hanoi  
Harare  
in Hammersdale.  
Die wind waai kil  
waai koud  
waai ongesteurd  
oor die graf  
van die onbekende kind.

*E.W.S. Hammond*

## **Siekbed**

Ek het laasnag van jou gedroom  
en toe ek in die holste van die nag  
weer wakker word, was my hele bed  
vol hartseer en pyn.

*Cornelius van der Merwe*

## **Droogloop**

die reën bly hierdie jaar weg  
soos elke jaar, barste kraak wyer  
wyl ek vis word om pens-om  
in 'n kom wat droogloop  
wit opgeblaas – visdood  
in die vrot son af te water  
in die sediment toe te slib  
skub vir skub



# Die strewe na zero defek

*Coenraad Walters*

Die Universiteit van Mériba is wêreldwyd daarvoor bekend dat net die beste breinkrag daarheen gelok word. Slegs spesialiste op elke gebied word as dosente aangestel. Keuring van studente vind volgens die hoogste denkbare standaard plaas. Binne die roomkleurige akademiese geboue word die beste navorsing in elke vakrigting onder die son gedoen, lesings volgens die suksesvolste doseermetodes aangebied en evaluering op die wetenskaplikste, betroubaarste en regverdigste wyses gedoen. Die dosentekorps ondergaan boonop gereeld gespesialiseerde indiensopleiding om die standaard so hoog moontlik te hou.

Om by hierdie standaard te pas het die Senaat van die Universiteit die beste koordirigent aangestel en gesorg dat dié dirigent die inrigting se hoë gehalte handhaaf in die samestelling van die koor en die keuse van musiek. Die ideaalste omstandighede is daargestel om die koor genoeg oefenkans te gee, asook om hul kwaliteit by verskillende geleenthede te demonstreer. Soos op feitlik alle ander gebiede het die Universiteit van Mériba se koor die toon aangegee.

Vier van die koorlede het egter gevoel dat die koor as sodanig hulle nie genoeg bevrediging bied nie. Hulle het besluit om 'n kwartet te vorm en musiek in te studeer wat die koor se repertorium sou aanvul. Algaande het hulle hulself so verdiep in die literatuur vir vokale kwartet dat hulle geen tyd meer kon vind om aan die koor se musikale bedrywighede deel te neem nie.

Volgens die beginsels van die Universiteit is hulle toegelaat om hul besondere belangstelling uiters deeglik te bestudeer. Hulle kon bladmusiek van oraloer bestel vir hul uitvoerings, wat feitlik vanselfsprekend van 'n baie hoë standaard was. Hulle het toegang gehad tot enige spesialis in die vakgebied sodat hulle later hoogs geskoold was in die uitvoering van musiek vir vokale kwartet.

Hoewel hulle musiek uit alle tydperke gesing het, het hulle geleidelik begin konsentreer op die groot motette en madrigale uit die laat-Renaissance. Hulle het hulle daarop toegelê om alle komposisies vir vokale kwartet uit dié tydperk te bekom, noukeurig te bestudeer (verkieslik uit die oorspronklike manuskrip of uit die eerste druk, indien beskikbaar), en dit dan so stylgetrou moontlik uit te voer. 'n Spesiale saal is vir hulle uitvoerings opgerig. Die besondere eienskappe van hierdie saal het hul musiek volmaak aangevul, omdat dit in die laat-Renaissance-styl gebou is en derhalwe die ideale ruimte vir hulle optredes was.

Die konserte daar in die Clement Jannequin-saal het algaande beroemd geword. Van heinde en verre het musikoloë gekom om te leer uit hulle stylgetroue optredes. Platemaatskappye het met groot moeite en koste hul vokale volmaaktheid verewig.

Langsamerhand het hulle een madrigaal soveel meer gesing as enige ander, dat hulle spesifiek daarvoor bekend geword het. Al vier sangers was besonder lief vir dié hemelse stuk musiek. Hulle het dit in al groter detail bestudeer en na al groter vokale perfeksie gestreef. Weldra het hulle slegs die een enkele madrigaal gesing. Later het net hul grootste bewonderaars nog na hul sang kom luister, maar hieroor was die vier nie bekommerd nie. Hulle het immers geweet dat hulle, volgens hul eie standaarde, byna die kruin van volmaaktheid bereik het.

En hul spesialisasieproses het streng voortgeduur: 'n spesifieke frase uit die madrigaal wat besonder moeilik was, het al meer hul toegespitste aandag ontvang, tot hulle net dié paar mate gesing het.

Uit dié frase het een enkele akkoord hulle die hoogste genot verskaf, omdat dit die perfekste stemproduksie van elkeen vereis het om dit so goed as moontlik te sing.

Deur hulle noukeurige studie van dié akkoord het hulle die spesifieke nuanse ontdek wat dit die heel beste laat klink het. In die Clement Jannequin-saal was dié vier note al wat gehoor kon word van die toonaangewende vokale kwartet.

Geleidelik het dit duidelik geword dat van hulle vier dit die tenoor was wat sy noot die heel beste kon sing. Daarom is hy alleen gelaat om sy perfekste van perfekte bydraes te bly lewer.



Die tenoor het uiteindelik, vir die eerste maal in die geskiedenis van die Universiteit van Mériba, die hoogste vorm van perfeksie bereik: 'n enkele noot uit 'n enkele akkoord uit 'n enkele frase uit 'n enkele madrigaal uit 'n enkele tydperk in die geskiedenis van musiek vir vokale kwartet.



# Reeks: gemengde media op papier

*Coenraad Walters*

*Nota: Indien die volgorde van die elemente in die reeks die leser nie geval nie, staan dit hom/haar vry om dit te wysig.*

## 1. Sprokie

Daar was eenmaal 'n man wat laatnag gelê en wens het hy kon met Mitchell Liechtenstein oor die telefoon praat.

Skielik was daar 'n selfoon in sy hande: hy was midde-in 'n gesprek met die man wat hy liefgehad het. 'n Opgewonde kalmte het deur hom gefibrilleer: op die behaaglikheid van vertroude nuanses het hy hom uitgestrek soos 'n kat op 'n sonwarm winterstoep.

Terselfdertyd het sy voorkop gerimpel: wat was sy gespreksgenoot se naam? Waar kon hy sy foonnommer weer opspoor?

Ten slotte het hul stemme koesterend gevou om die bekende frases:

“Ek is lief vir jou.”

“En ek is baie lief vir jou ook.”

Met die klik het die einde tot hom deurgedring.

Vervaard het hy opgespring, 'n sweetpak en drafskoene aangepluk en – selfoon in die hand, net ingeval dit weer lui – begin stap, eensaam soos 'n wolk, tienduiseend ure ver.

## 2. Severinus in die klooster

Soggens staan ek voordag op,  
gaan na die mis in die kapel.  
Ek sing alleen tot eer van God  
die cantus planus: Credo, Sanctus.

Daarna gaan ek my tuin bewerk,  
my rare plantjies pamperlang.  
Ek stel met eksperimente vas  
hoe kruie mense kan genees.

Die boere in die geil vallei  
plant koring, druiwe, oes hul kos;  
totaal verbonde aan die grond:  
niks wortel hulle daarvan los.

Terwyl ek sing tot eer van God  
met vespermis, sien ek my lot:  
Niet het afsnijden doet zoo 'n pijn,  
maar het afgesneden zijn.

## 3. *Pas de deux*

Die dansvloerdonker ruk deur die vertrek: stroboskopies verdwyn die skadu's teen die muur. Dowwe lywe pols mekaar ritmies terwyl sien en hoor vreugdevol vergaan.

Na die woordsafari's en versigtige kopreise van vorige aande kom die twee voor mekaar te staan. Skielik 'n onverwagte tromrol: 'n oomblik van fusie, so intens, so werklik, dat albei dadelik wonder hoe lank alles nog sal duur. Die tempo vertraag en die klank/kleur word blou: hul lewens flits verby in 'n opgehefte oomblik: afreecoarde doem op, én voortydige katastrofes: "Sal hy kan saamleef met my nukke/gewoontes? En ek met syne? En troeteldiere/vriende/stokperdjies?"

Namens hulle voltooi hul arms 'n sirkel.

4. **Tweepas: minnaars**

Die oggend moenie  
ingewikkeld wees nie.  
Die son is 'n saad,  
teen dagbreek gewerp  
in die geskiedenis se lang ploegvoor.

Opstaan  
en weggaan  
sou so eenvoudig wees.

Tog

hoe maak die  
eerste lig  
sy hare goud

oor my arm.  
Hoe kan ek dan  
weggaan.  
en waarheen om te gaan. Die dag  
is reeds so diep, so vol verbintenis.

*Vry na Michael Dransfield*

## 5. Hierdie aand

*Opgedra aan sonskynmense soos Danie Botha.*

Wanneer hy die voordeur agter hom toesluit, na afloop van nog 'n onvoltooide groot gesprek, ignoreer hy doelbewus die subtiele tekens van naderende dagbreek. Hy probeer bloedloos selfmoord pleeg met Richard Strauss se *Vier laaste liedere*.

In die badkamer volg hy nougeset sy slaapydritueel: kontaklense skoonmaak, wegsit; tande borsel, voete was. Sy oë vermy hom.

Dan, skielik, bars iets in hom los. Met sy voorkop stamp en stamp hy die spieël aan skerwe: sewe jaar móét korter wees as hierdie aand.

6.           Wat van die dag oorbly,  
              is ook maar bra min:  
              skemerkleure in die blomblare om 'n vaas,  
              'n krummelrigheid op die tafeldoek –  
              'n mens vee dit byeen met 'n servet  
              en raak onsentimenteel daarvan ontslae,  
              bêre die cd's, snuit die kerse,  
              laat die skottelgoed swygend in die wasbak.

Dan nog die oomblik van oordrewe emosie  
skrypend belaglik  
in die leeslig oor jou toe boek  
voor jy die donker aanklik  
en met oop oë jou rug draai op die dag.

Eendag, as jy groot is,  
kom daar tussen die ander reste  
'n manuskripteks by.